

## GROND

### **Beplan die vestiging van nuwe boorde**

- Begin met die proses van hervestiging sodra die finale oes van die bome af is om voldoende tyd toe te laat voor daar geplant moet word.
- Daar is drie partye wat so gou as moontlik gekontak moet word:
  1. Die kwekery moet gekontak word en bome moet 24 maande voor vestiging bestel word. Besoek die kweker van tyd tot tyd om te verseker dat die bome nog in 'n goeie toestand is.
  2. Die besproeiingsontwerper moet gekontak word om 'n boord en kontoer opname te doen. Hierdie opname sal deur beide die ontwerper en die grondkundige gebruik word.
  3. Die grondkundige moet bespreek word vir 'n grondopname en die nuwe boord se uitleg.

### **'n Gedetailleerde grondopname behels die volgende:**

- Grawe profielgate volgens 'n 50m tot 75m ruitpatroon. Die gate moet 1.2m diep wees, of tot 30cm in die beperkende laag in, hetsy klei of vars rots. Hierdie gate word by uitstek die beste gegrawe met 'n slootgrawer.
- Die grondkundige sal die grond klassifiseer en op die volgende let:
  - Grondvorm en familie (die benaming van die grond is die primêre basis vir die optrek van 'n grondkaart)
  - Aantal en diepte van horisonte
  - Beperkings teenwoordig binne elke horison. Hierdie beperkings sluit in:
    - growwe fraksie inhoud (klip)
    - persentasie, tipe en struktuur van klei

- grondverdigting
  - graad van natheid
  - kleur
  - sandgraad
- Hierdie beperkings word gewoonlik visueel in die vorm van 'n grondkaart aangedui. Die boer kan die bevindings dan om 'n tafel met die besproeiingsontwerper, hortoloog en grondkundige bespreek om te kan besluit oor die beste besproeiingstelsel, grondvoorbereiding, onderstam (indien nog nie bestel nie), ryrigting, dreineringsbehoefte, moontlike besproeiingsbreke, ens.

## BESPROEIING

Handhaaf optimale besproeiing terwyl daar nog vrugte aan die boom is. Verminder die besproeiing dan stelselmatig na oes tot op slegs 50-60% van die voor-oes behoefte. Besproeiing moet nie geheel en al gestaak word nie, omdat die bome nog tot die einde van Januarie sal groei en blomknop inisiasie in hierdie tyd plaasvind. Besproeiing van baie lewenskragtige boorde met oormatige loot-groei kan vir 'n kort periode na-oes gestop word, soos die geval met baie nektariens hierdie seisoen is. Die mikpunt is groen blare met geen nuwe groei.

## VOEDING

Blaarmonsters moet in week 4 geneem word. Die volgende prosedures kan gevolg word:

1. Monsters moet geneem word van bome wat:
  - van dieselfde **kultivar** is
  - van dieselfde **ouderdom** is
  - van dieselfde **onderstam** is
  - op dieselfde **grondtipe** geplant is

Blare vanaf bome wat met betrekking tot bogenoemde faktore verskil, moet dus nie gemeng word nie.
2. Selekteer **een of twee rye** in die boord wat die boord as geheel verteenwoordig. Hierdie rye moet gemerk word as die indeks rye.
3. Monster **1 of 2 blare vanaf elke boom** in die monster area om 'n totaal van ongeveer **70 - 80 blare** te kry vir die blaarmonster.

4. Neem monsters aan **beide kante van die ry**. Neem monsters vanaf een jaar oue hout (die huidige seisoen se groei). Moet nie monsters vanaf waterlote of spore neem nie. Neem blaarmonsters teen **skouerhoogte**.
5. Blare **moet nie nat wees nie of** op enige wyse – meganies, biologies of chemies – **beskadig** wees nie. Indien die blare nat is, moet hulle met 'n waaier of handdoek papier afgedroog word voor hulle in 'n monstersakkie geplaas word. 'n Groente net sakkie werk goed.
6. Merk die sakkie deeglik. Plaas die monsters binne 'n **geïsoleerde kartondoos of sak** in die **koelkamer** of die **onderkant van die yskas**. Die monsters moet nie gevries word nie. Plaas die monsters in 'n kartondoos vir aflewering met die monsterslys bo-op.
7. Lewer die monsters aan die laboratorium af vir 'n standaard blaaranalise.

## **OESWENKE**

U uitvoerder sal riglyne verskaf vir die rypheidstandaarde wat hulle vir uitvoer vereis, en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) het ook rypheidstandaarde vir uitvoer wat deur die PPECB, as agent van DAFF, gemonitor en geverifieer word. Wat volg is 'n paar wenke vir oes.

### **Appelkose**

Die algemeenste rypheidstandaard wat vir appelkose gebruik word, is die sogenaamde wringtoets, wat behels dat mens die appelkoos in die helfte sny en dan die twee helftes uit mekaar uit draai. Die pit moet los wees van die vlees. Indien dit los is, is die appelkoos ryp genoeg om te oes. 'n Aantal uitvoerders het ook riglyne vir druk wat u moet nagaan en met u uitvoerder ook moet bevestig m.b.t. watter drukke/fermhede hulle vereis. In die geval van oorrypheid is fermheid veral baie belangrik. Sagte appelkose sal afgekeur word.

Die volgende word aangeraai wanneer appelkose geoes word:

- Gee die plukkers katoen handskoene om te dra wanneer hulle pluk. Hierdie is 'n goeie idee omdat dit die voorkoms van naelbeserings sal verhoed, ens. en hulle ook sielkundig daarvan bewus maak dat die vrugte baie gevoelig is vir hantering.
- Beserings is die grootste probleem in appelkose – soos geskeurde stingels of stingels wat die vrugte beseer.
- Die meeste beserings gebeur wanneer die vrug gepluk word en teen die tak gelig word. Appelkose moet met oes effens gedraai word, maar mens moet versigtig wees om nie die skouers met hierdie beweging te beseer nie.
- Sodra u die kleur van die vrug bepaal het vir die rypheid waarteen u wil oes, moet u mik om vrugte volgens daardie kleurstandaard te pluk. Die standaard is gewoonlik amper 'n groen, lemmetjie, geel kleur.

### **Perskes vir die varsmark**

Gaan ook met die uitvoerder na wat die rypheidstandaarde is wat hulle vereis. Perskes word op grond van druk/fermheid geoes en die korrekte druk sal die agtergrondkleur bepaal waarby dit geoes moet word.

- Beserings is ook 'n groot probleem en dieselfde sorg as met die oes van appelkose moet geneem word. Maak ook seker dat veral die skouer van die vrugte nie beseer word nie.
- Oorryp vrugte is 'n probleem, dus moet perskes bestem vir die vars mark ten minste drie en soms vier of vyf keer geoes word.
- Met sommige van die vroeë varsmark perskes is dit beter om in platkissies in te oes en om die punt van die perske regop te hou.
- Spuit ReTain (3-butanoësuur hidrochloried) om oes effe uit te stel en fermer vrugte met punte wat minder sag is, te gee. Dit werk baie goed vir nektariene, maar ook vir sommige van die perske variëteite. Bespreek dit egter met u uitvoerder en landbou chemiese agent.

### **Nektariens**

Nektariens word ook volgens druk/fermheid gepluk en rypheidstandaarde moet met die uitvoerder uitgeklaar word. Sommige van die nuwe nektarienvariëteite wat volrooi is, is moeilik om te oes omdat hulle die volledige rooi kleur ontwikkel net voor hulle ryp is en mens dus nie op grond van agtergrondkleur kan pluk nie. Indien daar wel 'n bietjie agtergrondkleur sigbaar is, is dit maklik om daarvolgens te pluk, maar 'n wenk wat ek oor die jare nuttig gevind het, is dat 'n teken van die korrekte rypheid is dat die nektarien sy glans verloor en 'n effense dowwe waas op die epidermis ontwikkel. Deur druktoetse te doen en te bepaal watter vrugte ryp is en watter nie kan ook 'n aanduiding

verkry word van die kleurstandaard waarvolgens gepluk moet word. Grootte speel ook 'n rol in rypheid, in soverre die groter vrugte ryper is as die kleiner vrugte, veral vir die eerste een of twee plukke.

## **Geel taaipitperskes**

Seker die maklikste om te pluk, maar dit is nie te sê hulle moet rof hanteer word nie. Hier is dit basies slegs kleur wat rypheid bepaal, veral as mens vir inmaak pluk. Die inmakers bepaal rypheid volgens kleur en wil nie groen vrugte hê nie. Suid-Afrika se reputasie as 'n verskaffer van hoë gehalte ingemaakte perskes is gedeeltelik as gevolg van die baie goeie geel kleur van die perskes, en dit is hoekom baie kopers die wêreld oor Suid-Afrikaanse ingelegde perskes verkies vanweë hulle uitstekende geel kleurstandaard.

## **Pruime**

Die rypheid van pruime word ook op grond van druk/fermheid bepaal, en ook %TOVS (Totale Oplosbare Vaste Stowwe). Praat met die uitvoerder oor die rypheidsstandaarde wat hulle vir hulle markte vereis. Die meerderheid pruimvariëteite word uitgepluk, met kleur as die gids waarteen gepluk moet word en wat agtergelaat moet word. 'n Goeie praktiese reël is dat, wanneer die dag kom wanneer u dink u moet begin pluk, wag nog twee dae en begin dan pluk. Die eerste pluk moet ten minste 20% van die oes wees. Indien u die eerste keer nie 20% van die oes kan afneem nie, pluk u te vroeg. Die volgende riglyne word verskaf:

- Variëteite soos Laetitia: Die eerste pluk is omtrent altyd  $\frac{3}{4}$  rooi vrugte en rooier. Die volgende pluk is half rooi en rooier vrugte en die laaste pluk is 'n skoonpluk. Met ander woorde, met die tweede en derde pluk is daar minder rooi kleur in die vrugte. Hierdie praktiese reël het nog altyd vir my gewerk.
- Beserings is ook 'n groot probleem in pruime.
- Skaafmerke is ook 'n baie groot probleem in pruime. Sommige variëteite is baie gevoeliger as ander. Pluk pruime of in plastiek kratte óf gebruik plastiekvoering. Hoe warmer die vrugte, hoe meer geneig is hulle om skaafmerke op te doen. Probeer om nie in die warmste tyd van die dag te pluk nie.
- Die grootte, veral met die eerste pluk, is 'n baie belangrike rypheids-parameter. Die groter vrugte word gewoonlik eerste ryp.

- Vir sommige van die geel pruime, soos Songold, kan mens soms regkom met net 'n enkele pluk (skoonpluk). Hierdie kan egter net bereik word as blom baie egalig was.
- Dit is beter om pruime in plastiekemmers (20 Liter) te pluk, aangesien pluksakke te veel skaafmerke kan veroorsaak, en hulle dan versigtig van die emmer na die pluk-krat oor te plaas.
- Indien die vrugte in kratte na die pakstoor vervoer word, is dit die moeite werd om 'n 150mm poliëtileen sponsmatras bo-op die krat te plaas en dit ordentlik vas te maak om te keer dat die vrugte op en af op die laaibed van die vragmotor beweeg en sodoende skaafmerke opdoen. 'n Goeie norm vir plukproduktiwiteit is dat 'n plukker 450kg pruime per dag in 'n nege-uur plukdag behoort te pluk. Dit is dus 50kg per uur. Indien skoon gepluk word, behoort dit ten minste 75kg per uur te wees.

## Algemeen

Daar word aanbeveel dat u die *SA Orchard Video Training Website* besoek om meer oor die pluk van steenvrugte te leer. [www.saorchard.co.za](http://www.saorchard.co.za)

## WAT OM TE PLANT? EN HOE OM TE BEPLAN?

### Wat om te plant?

Met betrekking tot steenvrugte is hierdie altyd 'n baie moeilike vraag omdat daar feitlik elke week 'n aantal nuwe variëteite beskikbaar kom.

Die meeste van hierdie variëteite is nie voldoende getoets nie en die produsent het dus baie min kennis en inligting om mee te werk om te besluit of hierdie variëteit goed vir hom/haar sal presteer. Hopelik sal ons as gevolg van die nuwe, onafhanklike evaluerings-inisiatief, bekend as Provar, in die toekoms baie beter ingelig wees oor nuwe kultivars.

- Die eerste besluit wat gemaak moet word, is of dit perskes, nektariene, pruime of appelkose gaan wees? Sal dit vroeë of laat variëteite van hierdie vier vrugsoorte wees? 'n Baie goeie riglyn om u te help besluit oor watter vrugsoort en vroeg of laat is wat presteer goed in u distrik? Byvoorbeeld, laat pruime vaar baie goed in

die Warm Bokkeveld. Vroeë nektariene vaar baie goed in die Limpopo distrik, ens. Vind dus uit wat goed vaar in u distrik.

- Wanneer daar besluit word oor vroeg of laat en watter van die vier vrugsoorte om te plant, bespreek dit met u bemarker. U moet 'n vrugsoort plant wat goeie markvooruitsigte het en in hierdie opsig sal u uitvoerder u van raad kan voorsien.
- Die plant van die verkeerde vrugsoort en kultivar kan baie duur uitwerk. As u dit oor vier jaar moet oorent of die boord moet uittreknomdat dit nie werk nie, kan dit baie duur wees. Om 'n voorloper te wees met die plant van nuwe kultivars hou 'n groot risiko in. Dit is in baie gevalle die moeite werd om eerder die tweede of derde te wees in plaas van die eerste om 'n nuwe kultivar kommersieel te toets.
- Veral met pruime is plaaslik (Suid-Afrikaans geteel) gewoonlik die veiligste en beste keuse. Te veel van die ingevoerde pruimkultivars het óf 'n baie hoë kouebehoefte óf is baie vatbaar vir *Xanthomonas*. U moet bewus wees van die variëteit se kouebehoefte en vatbaarheid vir siekte indien u besluit om dit te plant. Dit is baie belangrik om u bure sowel as tegniese kenners te raadpleeg oor watter variëteite vir hulle suksesvol is en 'n hoë tonnemaat goeie gehalte vrugte van 'n goeie grootte produseer.
- Daar word gesê enige nuwe kultivar moet aan die drie "P's" voldoen: Produksie, Uitpak (*Packout* in Engels) en Prys. Dit moet 'n hoë opbrengs met hoë uitpak lewer asook 'n hoë prys behaal. Prys is natuurlik ook 'n funksie van vruggrootte.
- In baie gevalle word mens beperk m.b.t. die ligging waar nuwe boorde geplant kan word, en die terroir van die ligging is ook van kritieke belang wanneer dit kom by die keuse van vrugsoort en kultivar. Dit sal bv. nie 'n goeie idee wees om 'n pruimvariëteit met 'n hoë kouebehoefte en wat geneig is tot sonbrand op 'n Noordelike hang te plant nie. Die boord sal in die middag in die warm son uit die weste bak en dit sal beslis lei tot vertraagde bot en erge sonbrand. Volg dus die Engelse gesegde: *choose the right horse for the right course*. Kies dus die regte vrugsoort en variëteit vir die regte ligging.

## 1. Onderstam Keuse

Hierdie is seker een van die moeilikste besluite – om te weet watter onderstam vir watter vrugsoort en kultivar te gebruik. Gelukkig is daar as gevolg van die werk wat deur Dr Piet Stassen gedoen is, baie inligting beskikbaar oor die verskillende soorte steenvrugonderstamme en die gronde waarin hulle goed vaar. Ons weet ook meer oor aalwurmweerstand, vatbaarheid vir nat voete (versuiping) en die kouebehoefte. Dit is van kritieke belang om die korrekte onderstam te kies. Dit sal nie slim wees om 'n onderstam met 'n hoë kouebehoefte en wat baie vatbaar is vir ringaalwurm in die Bergriviergebied te plant, waar daar nie genoeg koue is nie en waar baie probleme met ringaalwurm ervaar word. Dit sal wys wees om met baie mense te praat oor wat die

beste onderstam vir die ligging sal wees waar u besluit het om te plant en vir die vrugsoort en kultivar wat u gekies het.

Die grootste probleem wat ons het, is dat daar tans 'n groot tekort aan steenvrugonderstamme is; indien u dus die vrugsoort en kultivar van u keuse wou plant met die regte onderstam vir die ligging, sal u dit waarskynlik nie vir die 2017 planttyd regkry nie, ten beste vir die 2018 planttyd en heel waarskynlik eers teen 2019. Dit toon dus dat die ontwikkeling van 'n nuwe boord ten minste drie jaar vooruit beplan moet word. Die onderstam moet ten minste drie jaar vooruit vasgemaak word en u kan dan 'n jaar voor plant besluit watter bostam variëteit om te gebruik.

Die grootste fout wat gemaak kan word, is om wanneer ons nie die onderstam van ons keuse kan kry nie, en ook nie die tweede beste onderstam nie, dan 'n onderstam te plant wat nie vir die ligging of die kultivar geskik is nie. Hierdie is weereens 'n baie duur fout as daar in ag geneem word dat u vir ten minste 20 jaar met daardie boord moet leef en dus vir 20 jaar tevrede moet wees met die derde, vierde of vyfde beste kompromis – dit is nié die moeite werd nie.

## **2. Oplei-Stelsels**

Nadat u op die vrugsoort en kultivar besluit het, is dit ook nodig om te besluit oor die plantdigtheid en die soort opleistelsel wat gebruik sal word. Hierdie besluit sal ook 'n impak hê op u keuse van onderstam. Hoe meer dwergend die onderstam, hoe nader aanmekaar in die ry en tussen rye moet daar geplant word, m.a.w. teen 'n hoër digtheid. Wil u 'n driedimensionele boom skep, of net 'n vrugmuur, die sogenaamde 2D-opleistelsel? Die kultivar en onderstam wat gekies word, sal hierdie besluit grootliks beïnvloed. Sekere variëteite verkies dat hul raamtakke horisontaal opgelei word, ander'n hoek van 45° grade, en sommige moet vertikaal wees. Die opleistelsel moet gekies word met inagnome van watter stelsel die boom gelukkig mee sal wees.

## **3. Besproeiing**

Besproeiing sal nie werklik bepaal watter vrugsoort en kultivar geplant word nie, maar die beskikbaarheid van water kan u wel laat besluit om variëteite te plant wat vroeg ryp word en dus minder water gebruik omdat die vrugte vroeër geoes word. Die kwaliteit van die water sal egter die onderstamkeuse beïnvloed omdat sommige onderstamme meer brak kan verdra as ander. Met steenvrugte is die gebruik van drupbesproeiing 'n goeie idee omdat mens minder water gebruik, selfs al gebruik mens 'n dubbelyn drupstelsel (wat die skrywer se voorkeur is).



#### 4. Grondvoorbereiding

Grondvoorbereiding het seker baie min te doen met die keuse van vrugsoort, kultivar en onderstam, maar dit is belangrik dat daar, m.b.t. grondvoorbereiding, hard gewerk word om al die beperkende faktore, soos swak dreinerings, chemiese regstelling, gronddiepte ens. te identifiseer.

#### 5. Ten slotte

Soos aangetoon, is die keuse van die korrekte vrugsoort en kultivar vir die regte ligging en die regte onderstam nie altyd 'n maklike besluit nie en een wat baie oorweging en beplanning verg. Suksesvolle plase het 'n aanplantingsprogram van vyf tot tien jaar wat lank vooraf bepaal word. Hierdie program is nie in klip gegiet nie, maar wanneer dit by plant kom, sal dit u help om die regte kultivar, van die regte vrugsoort, op die regte onderstam en in die regte plek te plant. Dit sal dán moontlik wees om al drie "P's" te vervul, naamlik: Produksie, Uitpak (*Packout*) en Prys. Dit is nou die tyd om met die gedetailleerde beplanning vir ten minste die volgende vyf jaar te begin.

## PLAE EN SIEKTE BEHEER

Die Desember Tydige Wenke, wat die beheerstrategieë vir rooi spinnekop en na-oes blaarpatoogene verskaf het, benodig moontlik verdere implementasie in die middel van die somer, ná die vrugte geoes is. Daarbenewens sal die middel- tot laatseisoen kultivars baie doeltreffende programme vir die volgende plae en patogene benodig:

- **Vals Kodlingmot (VKM) – Alle Steenvrugte:** VKM is hoofsaaklik 'n probleem in steenvrug-kultivars wat ná die middel van Desember ryp word. Parings-ontwrigting (mating disruption of MD) is 'n doeltreffende beheermaatreël vir VKM. Met die streng wetgewing aangaande marktoegang tot die EU, moet kultivars in hoë drukareas wat vanaf laat Januarie geoes word, verkieslik met 'n MD-produk gedek word. Isomate FCM @ 600 Disruptors / Ha wat 5 tot 6 maande feromoon ontwrigting veroorsaak, moet vanaf vroeg November gehang word om die vereiste dekking aan die latere kultivars te gee. Alternatiewelik moet Checkmate FCM-F, gebaseer op hitte, 21 tot 28 daaglik toegedien word. Gebruik 110ml/ Ha toegedien as aasbespuiting bo in bome, in 50 L water/ Ha.

- Waar MD toegedien word, is dit belangrik om op die uitkyk te wees vir VKM aktiwiteit in die boord, sowel as bokant die hoogte van toediening in die boord. Die lokval moet via 'n draad aan 'n riet vasgemaak word sodat dit hoog in die boom bokant die feromoonvrystellingshoogte uitgestoot kan word maar nogsteeds redelik toeganklik is vir moniteringsdoeleindes.
- Die VKM Virus Cryptex is op alle steenvrugte geregistreer. Dit moet 10 tot 14 dae na 'n piek motvangs in die lokvalle toegedien word, teen 'n dosis van 60ml/Ha. Hierna moet dit tweeweekliks teen 35ml/Ha toegedien word, totdat mot infestasië onder beheer is. Hierdie virus toedienings moet in die laatmiddag of saans (vanweë hul UV sensitiwiteit) geskied, om die geskikte viruslading te verkry om die VKM-aktiwiteit te onderdruk. Al die VKM-middele, insluitend die virus, is baie pH sensitief en moet in die 5 tot 8-reeks gehandhaaf word vir optimale doeltreffendheid.
- Benewens die bespuitings wat in die onderstaande tabel gelys word, is daar 'n verskeidenheid piretroïede wat vir VKM beheer op steenvrugte geregistreer is. Wees egter versigtig om nie te veel piretroïede te gebruik nie, aangesien dit 'n baie nadelige uitwerking op predatore het, wat kan lei tot probleme met die beheer van rooispinnekop. Die gebruik van piretroïede word nie as goeie IPM-strategie beskou nie.

Broadband of Eco Bb (*Beauveria bassiana*) is 'n swam kontak insekdoder wat op sy eie gespuit moet word. 'n Benatter plakker soos Biodew of Villa 51 @ 6ml/hl moet by die spuitoplossing gevoeg word. 'n Reeks van 3 spuite moet toegedien word. Indien dit gedoen word, sal rooispinnekop myt onderdruk word.

Marksman, ten spyte van die 7-dag veiligheidsvenster, moet vroeg in die kontrole program ingebring word omdat die VKM eiers bo-op die sproeibedekking gelê moet word vir beste doeltreffendheid.

<u>Produk</u>	<u>Veiligheid (Dae)</u>	<u>Getal Spuite</u>	<u>Perskes</u>	<u>Nektarien</u>	<u>Pruime</u>	<u>Appelkose</u>
Altacor 10g OF Coragen 17.5ml	14	2	√	√	√	
Exirel 50ml	7	2	√	√	√	Nie Uitvoer
Marksman 60ml	7	2	√	√	√	√
Ampligo 350ml/Ha	28	3	√	√	√ (14)	√
Calypso 15ml	60	3	√	√		

Delegate 20g	7	4 Insluitend Tracer	√	√	√	√
Steward 20g	28	2	√	√	√	
Warlock 80ml	21	4	√	√	√	√
Broadband 50ml – Min van 1L/Ha OF Eco Bb 100g	0	Minimu m van 3	√	√	√	√

- **Vrugtevlug – Alle Steenvrugte:** Vir die tydperk vanaf November tot einde April moet die gebruik van lokaas weekliks vroeg in die oggend plaasvind. In gevaarpunte (“hotspots”) op plase (tuine om huise) moet die intensiteit van lokaasgebruik verdubbel word – tweeweekliks in die winter en weekliks in die lente. Wanneer lokaas gebruik word, is dit van kritieke belang om 1L/Ha van lokmiddel per aanwending van aas te gebruik. HymLure OF Loklure teen ’n 2L/hl oplossingstempo, gemeng met 175ml/hl merkaptotion (*Mercaptotion*) en toegedien teen 50L/Ha van oplossing, verskaf die 1L/Ha. Die pH van die wateroplossing moet gebuffer word tussen 4.5 tot 5.5 vir die optimale doeltreffendheid van die merkaptotion. Wanneer GF120 nader aan die oestyd toegedien word, is die tempo weer 1L/Ha van GF120 in 10 tot 20L spuitoplossing/Ha. Hoe laer die volume van die water, hoe beter werk dit. Afwisselende rye moet gespuit word sodat daar effektiewelik een kant van elke boom benat word wanneer lokaas gebruik word. Die aasoplossing moet op die boonste derde van die bome gerig word, met die onderkante van die blare wat benat word.
- Wanneer die pes waargeneem word, spuit Devipan teen 100 ml/hl met ’n 14-dag veiligheidsvenster. Let op dat Devipan ’n organofosfaat is en nie op die produkte van baie markte toegelaat word nie.
- Vrugskade bepaling. Dit moet in ooreenstemming met Hortgro se FF en P/N FMS-bestuurstelsels gedoen word, 6 en 4 weke voor die verwagte oes en binne 10 dae van oes, deur 10 vrugte per boom op die gemerkte 25 bome/2 ha blok te inspekteer.
- **Na-oesbederf – Alle Steenvrugte:** Dien 80ml/hl Indar toe, 21 dae voor die verwagte oestyd, om dekking te verskaf teen Monilinia (bruinvrot). Indar het ’n onthoudingstydperk van vyf dae vir uitvoer en een dag vir die plaaslike mark. Dien 2L/Ha Protector toe, een dag voor oes, wat dekking sal verskaf teen Botrytis en Monilinia. ’n Een dag onthoudingstydperk geld vir beide uitvoer en plaaslik, vir Protector. Al die ander *pyrimethanil* formules het ’n plaaslike- en uitvoer onthoudingsperiode van 3 dae. Indien

die weer aanleiding kan gee tot bederf, moet daar oorweeg word om eerder 2L/Ha Tutor toe te dien, drie dae voor oes, wat beskerming sal verskaf teen Botrytis en Monilinia en Rhizopus sal onderdruk. Tutor het ook 'n onthoudingstydperk van drie dae vir die uitvoer- en plaaslike markte.

- **Blaaspootjie – Nektariens en Pruime:** Soos die vrugte **rypheid nader**, kan blaaspootjie skade 'n silwer skynsel op die vrugte veroorsaak. Indien nodig, dien 15ml/hl Tracer met die eerste teken van blaaspootjie aktiwiteit toe. Daar mag nie meer as vier bespuitings per seisoen in enige enkele blok toegedien word nie. Onthoudingstydperk = 7 dae op nektariene, 21 dae op pruime. Alternatiewelik kan 100ml/hl Exirel op alle steenvrugte toegedien word met eerste waarnemings van blaaspootjie aktiwiteit, met 'n 7-dag onthoudingsperiode.

### **TYDIGE WENKE bydraers:**

<b>Grond, Besproeiing, Voeding</b>	<b>Somersnoei</b>	<b>Gewasbeskerming</b>
Mico Stander Grondkundige Agrimotion 021 851 1051	Peter Dall Tegniese konsultant Peter Dall Consultancy 028 272 9671	Andrew Hacking Tegniese konsultant Ad Lucem Agricultural Services 021 880 1905

**HORTGRO Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.**